

Om te dien soos Jesus gedien het



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se les:

Matt. 5:13 en 14, Fil. 2:15, Mark. 12:34, Ef. 4:15, Matt. 4:23-25, asook Matt. 25:31-46.

Geheeteks:

“En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie” (*Matteus 9:36, OAB*).

Jesus was opreg besorg oor ander. Hul sorg en behoeftes was belangriker as sy eie. Sy lewe het dus om mense gedraai en sy bediening was een van tedere medelye. Hy het in die liggaamlike, verstandelike en emosionele behoeftes van die mense om Hom voorsien, met die gevolg dat hulle ontvanklik was vir die geestelike waarhede wat Hy geleer het. Jesus se genesing van melaatses, blindes en dowes; Sy bevryding van besetenes; die wyse waarop Hy die hongeres gevoed het, en Sy versorging van die behoeftiges – dit alles het mense se harte geroer en hulle lewens verander.

Ten aanskoue van Jesus se opregte omgee vir ander, wou hulle hoor wat Hy te sê gehad het. “Christus se benadering is die enigste manier om ware sukses in sieleredding te behaal. Die Verlosser het tussen mense verkeer, soos een wat hul welstand begeer het. Hy was hulle openlik simpatiekgesind en het in hul behoeftes voorsien. Op dié wyse dan het Hy hul vertrouwe gewen. Eers daarna het die roeping gekom: ‘Volg My’” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 143). Jesus het besef dat die mensdom ’n diepe behoefte het: om die evangelie in praktyk te sien. Dit was net so belangrik as die verkondiging van die evangelie. Om die vergestaltung van Jesus- én naastediens-gerigtheid te wees, is ’n kragtige bewys vir die dinge wat ’n mens sê. Dit verleen geloofwaardigheid aan jou persoonlike getuienis vir Christus.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 22 Augustus.*

Jesus se gesindheid teenoor mense

Jesus het altyd die goeie in ander raakgesien en het die beste in hulle na vore gebring. So het die destydse godsdienstige leiers dan vir Jesus gekritiseer. Hulle het onder andere gesê: “Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle” (*Luk. 15:2, OAB*). Hulle was bekommerd omdat Hy tyd saam met dié “sondaars” deurgebring het. Vir die detydse godsdienstige leiers het godsdiens oor die handhawing van skeidsure gegaan, en nie oor brúe van mensbetrokkenheid nie. Jesus se woorde – “Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars” het hulle dronkgeslaan (*Matt. 9:13, NAB*). Die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes se godsdiens was een van vermyding. Hulle het só geredeneer: “Doen alles in jou vermoë om nie deur ander se sonde besmet te word nie.” Jesus se leer was net mooi die teenoorgestelde. Hy het hom in hierdie “sonde-nes” begewe, met die doel om die mens te red. Hy het sondaars nie probeer vermy nie. Soos Jesus gesê het: Hy is “die lig van die wêreld” (*Joh. 8:12, NAB*).

Lees Matthew 5:13 en 14. Watter twee beelde gebruik Jesus om sy volgelinge te beskryf? Waarom dink jy het Hy hierdie beelde gekies? Lees ook Joh. 1:9 en hfst. 12:46, asook Fil. 2:15.

Sout was een van die belangrikste hulpbronne in die antieke wêreld. Dit was ongelooflik waardevol. Die Romeinse legioene het dit met tye selfs as betalingsmiddel gebruik. Sout was ’n teken van rykdom, en is ook gebruik om kos mee te geur en te preserveer. Deur sy volgelinge m.b.v. sout te versinnebeeld, sê Jesus dus dat nóg die rykes nóg die maghebbers die ware rykdom van dié ou wêreld is. Nee, dit is elke toegewyde Christen wat ter wille van God se koninkryk ’n verskil op aarde maak. Hul dade van onbaatsugtige en mensliewende naastediens behou die goeie in die wêreld en gee smaak aan die samelewing.

Die tweede beeld wat Jesus (*in Matteus 5:14*) gebruik het, was dié van lig. Jesus se dissipels was en is “die lig vir die wêreld” (*NAB & OAB*). Neem in ag dat lig nie die donker vermy nie, maar juis in die donker skyn. Dit probeer nie om eenkant te skyn nie. Nee, dit skyn en dring deur, en omskep donkerte in lig. Insgelyks moet Jesus se volgelinge die duisternis van dié aarde binnedring – die duister wat in ons buurte, gehuggies, dorpe en stede is – en dit met die heerlikheid van God bestraal.

Oorweeg Jesus se woorde in Johannes 17:15-18. Soos die NAB tereg sê, behoort die Christen nie tot hierdie wêreld nie. Hoe verskil dit egter van vermyding? Wat het Jesus bedoel toe hy gebid het dat sy volgelinge nie van die wêreld is nie, maar wel na die wêreld toe gestuur is? Hoe doen ’n mens dit?

Hoe Jesus ander behandel het

Jesus se strewende was om die beste in mense na vore te bring. Selfs wanneer die omstandighede besonder uitdagend was, het Hy dit met grasia gehanteer. In Lukas 4:22 lees 'n mens: "Almal... was verwonderd oor die aangename woorde wat uit sy mond kom" (OAB) en in Johannes 1:17 voeg die geliefde dissipel by dat "die genade en die waarheid... deur Jesus Christus gekom [het]" (NAB). Hy het 'n innemende benadering tot mense gehad. Sy ontfermende woorde het aanklank gevind in hulle harte en hulle ontvanklik vir Sy leer gemaak.

Lees Matteus 8:5-10 en Markus 12:34. Watter woorde van hoop het Jesus gespreek teenoor twee ongewenste persone – 'n Romeinse hoofman oor honderd en 'n Joodse skrifgeleerde?

Jesus se woorde aan die Romeinse hoofman oor honderd was ongelooflik rewolusionêr. Dink net hoe verbaas dié beroepsoldaat oor Jesus se uitlating moes gewees het: my geloof oortref dié van die Jode? En wat het deur die Joodse skrifgeleerde se kop gegaan toe Jesus vir Hom sê: "Jy is nie vër van die koninkryk van God af nie" (NAB). Jesus het inderdaad die vermoë gehad om die beste in mense na vore te bring. Wanneer dit by sieleredding kom, het ware komplimente 'n uitwerking soos min. Soek na die goeie in die mense om jou, en toon in woord en daad dat jy hulle waardeer.

Vergelyk die volgende skrifgedeeltes – Jesaja 42:3, Kolossense 4:5 en 6, asook Efesiërs 4:15. Watter kernbeginsels put 'n mens uit hierdie teksverse, veral oor jou getuienis vir Christus en jou verhouding met die luisteraars van daardie getuienis?

Wanneer 'n mens se woorde bemoedigend en deurweef is met barmhartigheid, het dit 'n positiewe uitwerking op ander. Let op Jesaja se profetiese woorde aangaande Jesus: Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lampit nie uitblus nie" (OAB). Met ander woorde, Jesus se barmhartigheid was van so 'n aard dat Hy nie babatjies in die geloof onnodiglik met sy woorde of gesindheid (houdings) seergemaak het nie. Hy was versigtig om nie die geringste vlammetjie van geloof te blus nie.

Daar is wat 'n mens sê, en ook hoe jy dit sê. Waarom is laasgenoemde net so belangrik, of dalk selfs belangriker, as eersgenoemde? Let op die volgende stelling: "Die waarheid is die waarheid. Aanvaar dit of verwerp dit; dit is nie onderhandelbaar nie." Hoe voel jy daarvoor? Wat is fout met hierdie ware stelling?

Jesus se helende bediening: Deel 1

Die Heiland se evangelisasie behels meer as net gememoriseerde toesprake en netjies-voorbereide aanbiedings; dit is net so veelvuldig en dinamies soos die lewe self. Daaglik kom ons in aanraking met mense wat allerhande behoeftes het – liggaamlik, verstandelik, emosioneel en geestelik – en Christus begeer om in daardie behoeftes te voorsien. Hy doen dit deur ons besorgheid oor ander se eensaamheid, pyn en smart; en ook deur ons belangstelling in mense se vreugdes, hoop en drome.

Jesus het die mense se tasbare behoeftes raakgesien en hulle daarmee gehelp, sodat hulle uiteindelik die grootste van alle behoeftes in hul lewens kon raaksien. Met “tasbare behoeftes” word eintlik daardie soort behoeftes bedoel wat mense reeds radeloos of hooploos laat; ook met die besef dat hulle nie self daardie probleem kan oplos nie. Byvoorbeeld, die besef dat ’n mens beslis moet ophou rook, gewig moet verloor, beter moet eet of stoom moet afblaas. Dit kan ook ’n behoefte aan kos, behuising of mediese dienste wees. Die behoefte aan gesins- of huweliksberading kan ook hierby ingesluit word. Die grootste behoefte in die mens is egter die behoefte aan ’n boesemvriendskap met God, asook die persoonlike besef dat ’n mens se lewe ’n ewige betekenis het. Versoening met God in ’n gebroke wêreld is die kernbehoefte van die mens.

Lees die verhale van die verlamde man in Matteus 9:1-7 en van die vrou wat aan bloedvloeiing gelei het in Markus 5:25-34. Vir Jesus lei liggaamlike heling vanselfsprekend tot ’n voorsiening in mense se grootste behoefte: die behoefte aan God. Watter aanduidings het ons in elke verhaal dat dit wel die geval is?

Jesus se genesingsbediening het meer as net liggaamlike en emosionele heling behels. Jesus het begeer dat die mense wat Hy gehelp het, weer die soort heelheid moes ervaar voordat sonde gebrokenheid op aarde gebring het. Vir Hom was liggaamlike heling sonder geestelike genesing ’n halwe genesing. As die liefde van God ons sover bring om ander se liggaamlike en emosionele welstand te begeer, sal dit nog ’n dieper begeerte by ons wek om hulle geestelik gesond te wil sien, sodat diesulkes hier op aarde en eendag in die hiernamaals voluit kan leef. Neem in ag dat elkeen wat Jesus tydens sy aardse bediening genees het, uiteindelik te sterwe gekom het. So, benewens al die tasbare behoeftes wat hulle destyds gehad het, was hul behoefte aan ewige dinge eintlik die grootste, nie waar nie?

Watter soort projekte kan die kerk loods om in die plaaslike gemeenskap se behoeftes te voorsien en sodoende te toon dat ons werklik omgee? Dink ’n bietjie aan die mense in jul plaaslike gemeenskap. Wat doen die gemeente om ’n verskil in daardie mense se lewens te maak?

Jesus se helende bediening: Deel 2

Lees Matteus 4:23-25 en hfst. 9:35. Watter driediedige benadering vorm die grondslag van Christus se bediening? Hoe het Hy in mense se behoeftes voorsien en watter uitwerking het dit op hul lewens gehad?

Jesus het 'n driediedige bediening gehad – 'n kombinasie van onderrig, prediking en genesing – waardeur Hy ewige beginsels aan die mensdom deurgegee het sodat elkeen 'n betekenisvolle en doelgerigte lewe kan lei. Jesus het immers gesê: “‘Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed’” (*Joh. 10:10, NAB*). Sy bediening was openbarend, van genade in oorvloed. Jesus het juis gekom dat ons lewens van “oorvloed” kan lei – in die teenswoordige bestel en in die ewige bestel wat vir ons voorlê.

Lees Markus 1:32-39. Hier sien 'n mens hoedat Jesus heeldag lank die siekes genees en demone uitgedryf het. Die volgende oggend, na Jesus eenkant stiltetyd gehou het, sak nog siek mense op Hom toe. Dit was 'n magdom mense. Dan lees 'n mens dat Hy meteens daardie plek verlaat om na 'n ander stad te gaan. Hoekom het Hy nie die genesings op die tweede dag voortgesit nie? Let op die redes wat Hy in verse 38 en 39 verstrekk.

Hierdie is 'n besonder insiggewende verhaal. Die een dag genees Jesus die skare siek mense wat na Hom toe kom, en die volgende dag verlaat Hy daardie plek sonder om die nuwe aankomelinge, wat Hom ook wou spreek of deur Hom genees wou word, te help. Sy rede vir dié besluit? – Hy het eintlik aarde toe gekom om die evangelie te verkondig. Dit wil sê, Jesus het nie hierheen gekom om skouspelagtige genesings te verrig nie. Hy was die Seun van God, op 'n spesiale verlossingsending. Jesus se grootse uitgangspunt was dus nie om slegs liggaamlike siekte te genees nie. Sy vurige begeerte was dat mense die ewige lewe – die gawe wat Hy hulle aangebied het – moes ontvang. Jesus het ook pertinent genoem wat die doel van sy eerste koms was: “Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was” (*Luk. 19:10, OAB*). Elke genesing was inderdaad 'n verligting van pyn, maar was ook 'n geleentheid om God se karakter te openbaar en om aan daardie persoon die ewige lewe te bied.

Kan 'n siek of 'n arm persoon die lewe in oorvloed waarvan Jesus hier praat, beleef? Het Jesus die mense van sy tyd iets dieper as liggaamlike genesing gebied? Op watter praktiese maniere kan ons mense na geestelike waarhede lei deur in hul fisieke en emosionele behoeftes te help voorsien?

Wat vir Jesus saak maak

Jesus se boodskap aan sy dissipels in Matteus 24 is 'n mengsel van gebeure, deels aangaande die verwoesting van Jerusalem en deels aangaande eindtydgebure. Daarna vertel Hy drie gelykenisse oor die eindtyd, in hoofstuk 25. Met hierdie gelykenisse beskryf Jesus, in breë trekke, hoe gelowiges is wat waarlik op sy wederkoms wag. Hier sien 'n mens wat vir Jesus – en nie vir die wêreld nie – saak maak. Die gelykenis van die tien maagde beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n opregte en egte Geesvervulde lewe. In die gelykenis oor die tien talente kom die onontbeerlikheid van rentmeesterskap oor ons Godgegewe talente onder die loep. Die gelykenis van die skape en die bokke toon weer dat ware Christenskap die daaglikse bediening van diegene om 'n mens behels.

Lees Matteus 25:31-46. Hoe beskryf Jesus ware Christenskap hier? Maak 'n lys van die soort dinge wat 'n ware Christen doen.

Hierdie gelykenis gaan oor die voorsiening in mense se tasbare, fisiese behoeftes, 'n aspek wat beslis nie verwaarloos behoort te word nie. Maar steek daar nie iets dieper in hierdie bediening aan die behoeftiges waarvan Jesus hier praat nie? Daar is immers 'n ongesproke honger en dors na Jesus in die mens, 'n dieper behoefte wat na vervulling smag (*Joh. 6:35 en hfst. 4:13 en 14*). Ons is almal vreemdelinge totdat 'n mens natuurlik jou ware identiteit in Christus ontdek (*Ef. 2:12, 13 en 19*). Ons is almal geestelik naak totdat 'n mens met die geregtigheid van Christus beklee word (*Op. 3:18, en hfst. 19 verse 7 en 8*).

Die Ou Testamentiese profete beskryf dikwels die ongeredde mens as een wat ongeneeslik siek is (*Jes. 1:5, Jer. 30:12-15*). Die sondesiekte is gewoonlik fataal, maar volgens die profeet is daar wel 'n kuur. “Ek sal jou gesond maak, jou wonde genees, sê die Here” (*Jer. 30:17, NAB*). Jesus is die kuur vir die lewensbedreigende siekte in die hart van die mens. Die gelykenis van die skape en die bokke is 'n vermaning: dat ons in die tasbare behoeftes van die mense om ons moet voorsien. Tog het dit 'n dieper betekenis. Dit is die verhaal van Christus wat in die diepste hartsbehoefte van die mens voorsien, en is ook sy uitnodiging om saam met Hom te werk ter bediening van die mense om ons. Deur selfgerigte lewens te lei en die fisiese, verstandelike, emosionele en geestelike behoeftes van ander te verwaarloos, stel 'n mens jou ewige lot in gevaar. In dié gelykenis word diegene wat hul lewens aan ander gewy het deur die Here geloof. Hulle beërwe die ewigheid. Daarenteen word diegene wat egosentriese lewens gelei het – wat eiebelang nagejaag en hulle nie aan ander se behoeftes gesteur het nie – deur die Here verdoem.

Vir verdere studie:

“Talle glo glad nie in God nie, en het basies hul vertroue in die mens verloor. Tog waardeur hulle die weldade van diegene wat hulle simpatiekgesind en behulpsaam is. Wanneer diesulkes sien dat iemand hulle besoek; of dat siek mense gehelp word; of dat dié wat honger ly kos gegee en dié wat niks klere het nie, iets gegee word om te dra; of dat die treurendes vertroue word; en hoe daardie helper al hierdie mense tederlik op die Een wys vir wie se liefde en medelye hy of sy slegs ’n boodskapper is – en dit sonder enige aardse lof of vergoeding as dryfveer – tref dit die behoeftiges ten diepste. Skielik is hulle dankbaar. Geloof vat pos. Hulle sien dat God vir hulle omgee, en is bereid om te luiter na die geopende Woord” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 145). Jesus se bediening – een van onbaatsugtige naastediens – berei harte voor, breek die skeidsmure van vooroordeel af, en skep ’n ontvanklikheid teenoor die evangelie. Die kerk is die liggaam van Christus, wat oraloor en liefderyk in mense se ware behoeftes voorsien. Christus stuur ons na ons plaaslike gemeenskappe om daar, in sy Naam, ’n verskil te maak. Hoewel ons versigtig moet wees om nie te verwêrelds nie – wat gewis ’n probleem is en duidelik gevare vir die kerk inhou – moet ons steeds leer om mense te ontmoet waar hulle hulle bevind. Ons moet bereid wees om God se werktuie te wees. Op watter vlak die persone wat ons bearbei ook al is, daarvandaan wil God hulle neem en ophef tot waar hulle moet wees.

Vrae vir bespreking:

1. Waarom is Christus se bediening van medelye so ’n kragtige afbreker van die skeidsmure van vooroordeel, en ook ’n kragtige ontsluiters van harte sodat mense bereid is om bybelwaarhede aan te hoor? Stel jou voor hoeveel doeltreffender ons getuienis as ’n kerk sou wees, as ons net dieselfde onselfsugtige omgee vir ander as Jesus wou toon.
2. Dink aan ’n keer toe jy iets gesê het wat dalk waar was – selfs iets wat iemand moes hoor – maar wat verkeerd uitgekom het. Met ander woorde, jou oordrag was skerp of jou lyftaal negatief. Wat het jy uit daardie flater geleer sodat jy dit nie weer doen nie? Byvoorbeeld, jy het geleer om eers tot bedaring te kom voor jy praat.
3. Bepeins die volgende: dat almal wat genees word of uit die dood gewek word, een of ander tyd uiteindelik te sterwe kom. Wat leer ’n mens hieruit oor die wyse waarop gelowiges uitreikwerk behoort te behartig en naastediens behoort te verrig?
4. Watter soorte bedieninge (nuwe bedieninge) kan die gemeente loods om die plaaslike gemeenskap te dien?
5. Hoe kan die gemeente haar gemeenskapsgeoriënteerde projekte reg benut ten einde persone te help wat na geestelike antwoorde op soek is?